

16 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 5:3, 6 en 10

Geseënd is hulle wat 'n honger en dors na reg het, en reg aan God doen

Ons lees dat die Here Jesus vir sy dissipels en 'n skare mense lerend preek (Matt 5:1). Dit doen hy nie in 'n kerkgebou agter 'n preekstoel nie, maar in die natuur op 'n berg. En die inhoud van Jesus se preek handel oor geregtigheid of bloot die doen van wat reg is. Vir iemand wat aan die koninkryk van die hemel behoort (Matt 5:3, 10), is die doen van wat reg is, baie belangrik. Dit is so 'n belangrike saak dat Jesus in Matteus 5:3-12 twee keer daarna verwys (Matt 5:6, 10). Die Here Jesus preek en vra dat sy kinders hier op aarde reg teenoor hulle hemelse Vader en teenoor alle mense sal doen.

Dit is liefde tot God en liefde tot jou naaste. Om te doen wat reg is *teenoor God* en om vir Hom lief te wees, beteken dat jy die regte houding teenoor Hom sal hê. Dit hou in dat jy sal besef dat *jý van God afhanklik* is. 'n Besef van afhanklikheid beteken dat jy 'n innerlike oortuiging het dat jy van God se sorg afhanklik is. Jy moet glo dat jy van God afhanklik is. Jy moet glo en besef dat jy God fisies, psigies en geestelik nodig het. 'n Oortuiging van die hart. Maar besef van afhanklikheid beteken ook 'n oortuiging van die hart dat God inderdaad alreeds vir jou gesorg het en in die toekoms ook vir jou sal sorg (Matt 6:25-34).

Hierdie innerlike oortuiging moet vanselfsprekend ook sigbaar word. Een manier om jou afhanklikheid teenoor God sigbaar te maak, is deur dít in jou gebed aan God te erken en te vra dat Hy altyd hierdie gesindheid in jou hart sal bewaar (Matt 6:9). 'n Ander manier is om jou afhanklikheid van God aan ander mense te vertel (Matt 10:32-33). As jy hierdie innerlike gesindheid besit, dan doen jy wat reg is teenoor God. As jy hierdie innerlike gesindheid openbaar maak, dan doen jy wat reg is voor God. Geseënd is hulle wat 'n honger en dors na reg het, en dit dan doen.

Sing: Psalm 62:5 (Cloete)

Dr AL Rheeder (Wesrand)